

VERHOUDINGS: RIEKERT BOTHA

Sessie 4: Die adder in jou boesem

Kyk sessie 4 van Verhoudings

<https://www.rightnowmedia.org/Content/Series/393402?episode=4>

Lees die volgende Skrifgedeeltes:

Jak 4: 6 “God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.”

Rom 12:9-21

“Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld,” sê die Here. “As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.” Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”

Fil 4:5 “Wees inskiklik (Ou Vertaling: vriendelik) teenoor alle mense. Die Here is naby.

Dink oor die volgende vrae:

- i. Wat is vir jou die kern van die video-sessie?
- ii. Sê in jou eie woorde wat die ‘adder’ is, en hoe dit ons verhoudinge beïnvloed.
- iii. Wat is volgens Riekert die definisie van hoogmoed en nederigheid?
- iv. Wat is volgens jou die probleem - hoekom sukkel ons om van die ‘adder’ ontslae te raak?
- v. Hoe kom ons ‘in lyn’ met God se bedoeling vir mense en onself? Kyk veral na die tekste?